geneem en dis bekend dat hy uiteindelik goewerneur van die strategies belangrike Malakka op die Maleise Skiereiland geword het. W. J. de K.


## (4) Jacobus Borghorst

### (18 Junie 1668 — 25 Maart 1670)

BORGHORST wat lang diens by die Kompanjie agter die rug gehad het, het op 16 Junie 1668 met die *Hof van Breda* na 'n uitputtende reis in Tafelbaai aangekom. Dit was 'n Sondag. Die Maandag het hy voor die Politieke Raad die ontslag van Van Quaelberg bekend gemaak en die bewind oorgeneem. Hy was solank hy aan die Kaap was eintlik 'n invalide en sy pligte is meesal deur amptenare, veral die bekwame fiskaal, Cornelis de Cretzer, waargeneem.

Niks van besondere belang het in sy kort bestuur voorgeval nie. Soos onder sy voorganger is egter verskeie landtogte uitgestuur en die kus ook van tyd tot tyd ondersoek. Die boot *Grundel* het in sy tyd byvoorbeeld die hele kus van Suidwes-Afrika af tot by Sint Luciabaai verken. In 1669 is die Kaap ook besoek deur 'n energieke kommissaris, Mattheus van der Broeck, wat veelvuldige aanbevelings nagelaat het om die landbou te bevorder.

Borghorst wou so gou moontlik wegkom van sy pos. In 1669 is reeds gereël dat Jan van Aelmonden hom sou opvolg. Maar dié man was nie op die retoervloot soos verwag is nie. Borghorst het dus weer dringend versoek om afgelos te word. Inderhaas is toe as sy opvolger Pieter Hackius gekies, 'n man wie se gesondheid nog swakker was as dié van die sieke wat hy moes opvolg. W. J. de K.



*Borghorst se naamtekening onder 'n resolusie van die Politieke Raad, tesame met dié van die fiskaal De Coetzer en die sekretaris (heel onder) G. F. Wreede wat veral bekend is om sy volkekundige belangstelling in die Hottentotte.*